# BOOK REVIEWS / BOEKRESENSIES

M.M. BROWN
Die Children's Friend Society in Engeland en die Kaap die Goeie Hoop, 1830-1841
*Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 57
Pretoria: Staatsdrukker
1994
84 + xii pp
ISBN 0 7970 3089 1

*Die Children's Friend Society in Engeland en die Kaap die Goeie Hoop* is oorspronklik goedgekeur as verhandeling vir 'n M.A.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch in 1989. Die werk is goed nagevors, met 'n aansienlike bronnelys van sekondêre en argivale bronne, en gee 'n helder, maklik-leesbare uiteensetting van die ontstaan, aktiwiteite en ondergang van hierdie gedoemde vereniging.

Die grondslag vir die totstandkoming van die Children's Friend Society (CFS) word gelê deur middel van 'n breë uiteensetting van die toestande van armoede wat geheers het in Engeland na die Industriële Revolusie en die Napoleontiese oorloë.

Met naïewe idealisme het sekere evangeliegesindes die *Society for the Suppression of Juvenile Vagrancy* (later herdoop *Children's Friend Society*) gestig om jeugdiges van die laer klasse, wat andersins tot 'n lewe van werkloosheid, bedelary en misdaad gedoem was, 'n basiese opvoeding te gee. Die kinders moes genoeg leer om die Bybel te kan lees en landbou of huiswerk te kan behartig om sodoende eerlike arbeiders te word en moreel opgehef te word. Om opvolg-toesig te verseker, moes hulle as ingeboekte arbeiders werk tot met hul mondigwording, waarna hulle selfstandig op kleinhoewes 'n bestaan kon voer. Die projek is aangemoedig deur die pers en finansieel ondersteun deur bekende filantrope van die tyd.

Die ontnugtering oor die gebrek aan werksgeleenthede in Engeland het die vereniging genoop om die kinders na die kolonies te stuur as ingeboekte arbeiders. In die Kaapkolonie is die program veral deur John Fairbairn verwelkom en bemark as 'n metode om die arbeiderstekort op te los en om tot die verengelsingspoging daar by te dra. Met hoofstukke wat handel oor die emigrasieskema, die aankoms aan die Kaap, die inboekstelsel, die maatskaplike omstandighede en uiteindelike kritiek, lei Brown die leser sistematies deur die tekortkominge in die praktiese implementering van die vereniging se ideale wat sou lei tot sy ondergang.

Die vereniging se onkunde oor toestande in die Kaap, met sy sterk Kaaps-Hollandse karakter, die gebrek aan wetlike gesag vir 'n inboekstelsel vir nie-inheemse arbeiders daar, asook onvoldoende voorbereiding ten opsigte van oorgangsbehuising en fondse het die emigrasieprogram gekortwiek. Die feit dat die werkgewers in die Kaap die emigrantekinders primêr as vervangers van die onlangs vrygestelde slawe beskou het en hulle finansiële bydrae bo hulle morele welvaart geplaas het, het die drome van morele opheffing verydel.

Tog is 'n mate van sukses behaal en het die meer as 700 kinders wat na die Kaapkolonie gestuur is, bygedra tot die voorsiening van arbeid in 'n tyd toe daar 'n behoefte

aan arbeiders was. Boerdery-omstandighede het verskil van dié in Engeland en het nie die kinders voorberei om selfonderhoudend te wees na afloop van hul inboektydperke nie. As arbeiders en ambagsmanne kon hulle egter hulle dienste verkoop en was daar vir hulle groter bestaansruimte as in Brittanje.

Die uitgebreide aard van plase, weersomstandighede, taalprobleme, huisvesting in voormalige slawekwartiere, lae lone, gebrekkige godsdiensonderrig, ensovoorts is aangevoer as oorsake van die mislukking van die program. Daarbenewens was die persepsie geskep dat die emigrantekinders se arbeid gekoop is en hulle dus die besit van die werkgewers geword het, omdat werkgewers 'n fooi moes betaal om die onkoste van die emigrantekinders se oortog te dek.

Aantygings van swak lewensomstandighede, mishandeling en verbloemde slawerny, het daartoe gelei dat die Britse pers, wat die vereniging se opheffingsprogram aanvanklik sterk gesteun het, 'n destruktiewe veldtog teen die vereniging gevoer het. In die Kaap is aangevoer dat die vereniging oneerlik was met betrekking tot die karakter van die kinders. Openbare mening is opgesweep en 'n ondersoek is gelas. Die koloniste is onthef van ernstige blaam van mishandeling of slawerny, maar tog is verdere emigrasie gestaak. Fondse het opgedroog en in 1841 is die CFS ontbind.

Die werk is 'n verhalende weergawe van die geskiedenis van die CFS en word met 'n verfrissende objektiwiteit en matigheid benader. Alle standpunte word gemeld en die oordeel word grootliks aan die leser se eie interpretasie oorgelaat. Benewens die verhaal van die CFS, bevat die werk bylaes bestaande uit 'n lys van afkortings, 'n indrukwekkende lys van emigrantekinders met kort biografiese besonderhede, 'n bronnelys, 'n Engelse opsomming en 'n kort indeks, met primêr eiename.

Barbara Conradie
*Standard Bank Argief*